

Liturgiese Riglyne

SONDAGGEND 08:00 EN 09:30

“Om te gee maak 'n mens gelukkiger
as om te ontvang.”

Skriflesing:

Hand 20:17-38

Is dit nie tog so dat dit lekker is om 'n geskenk te ontvang nie? Ons gee vir mekaar geskenke met verjaarsdae, met huwelikshedenkings, afskeidsgeskenke, welkom geskenke, kersfeesgeskenke en dikwels sommer net. Jesus Christus self het gesê dat dit beter is om te gee sê Paulus. Ons gaan kyk na wat Jesus hiermee bedoel.

Teksvers:

Hand 20:35b

Sing:

Ps 31-1:1,3,5

Sb 12-3:1-4

Ps 25:2

Lied 203:1,2

Ps 68-1:9

Sb 13-3

- 1 'n Oënskynlike teenstrydigheid.
- 2 Om te gee is beter!
- 3 Hoe het Paulus gegee
- 4 Hoekom Paulus die boodskap aan die ouderlinge gee?
- 5 God se voorbeeld van gee!
- 6 Hoe ons moet gee!
- 7 Wat gee ek?

Elektroniese verwerking:

Eric Guldmond

Jacques Silvis

Orrelis: Corlea vd Walt

Prediker: Ds Gerrit Kruger

Rom 12:1,2 “...Gee julle aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen. Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.”

SONDAGAAND 18:00

Bring hulde aan die Koning

Skriflesing:

Matteus 2:1-12

'n Stille wenk uit die sterreheem lei wyse manne na Betlehem. Daar bring hulle vir die Koning, koninklike geskenke. Hulle geleerdheid en welstand maak hulle nie meerwaardig, as die seuntjie in die stal nie. Nederig buig hulle neer en bring aan Hom kosbare geskenke. Daar vind hulle rus vir hulle siele wat hulle geleerdheid nooit gebring het nie. Geen wonder ter wêreld kan die Wonder van God se genadegawe vervang nie.

Sing:

Vol program op bl 8

Die Wonder van die genade en liefde van God. Die Wonder dat die Seun van die mens na hierdie aarde kom. Hiermee was die wyse manne gelei deur God met 'n ster, na die Skrifte, tot by die lewende Salig-maker. Voor hulle reis het hulle hulle verstom aan die hemelliggame. Na hulle reis is hulle verbaas en dankbaar dat die hemeldeel self oopgegaan het.

Elektroniese verwerking:

Eric Guldmond

Jacques Silvis

Orrelis: Corlea vd Walt

Prediker: Ds Lourens Venter

Ons staan vanaand stil by die tema: Bring hulde aan die Koning. Amen

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 45 Nr 47 6 Desember 2020

Webblad: <http://www.gkcenturion.co.za>



MARANATHA

Kom Here Jesus kom gou!

Openbaring 22:6-21 (20): “Hy wat dit getuig sê: Ja, Ek kom gou. Amen, ja kom Jesus onse Here!”

Maranata is die Griekse weergawe van die Aramese bede, “Kom Here Jesus”. Dit lees ons in 1 Kor 16:22. Dit is 'n hartsgebed, 'n eerlike versugting van die gemeente wat uitsien na die wederkoms van die Here Jesus Christus met die wolke, 'n opregte en eerlike versugting.

Die slot van Openbaring word gekenmerk deur herhaaldelike aankondigings van Christus se spoedige terugkoms.

Open 22:7 “Jesus sê toe: “Kyk, Ek kom gou!...”

Open 22:12 “Jesus sê toe weer: “Kyk, Ek kom gou! ...”

Open 22:20 “Hy wat dit alles getuig sê: Ja, Ek kom gou!...”

En juis die feit dat dit drie keer genoem word, maak dit so belangrik. Want in die Hebreuse kultuur, as 'n saak baie belangrik was, is dit drie maal herhaal. Die Gees Self is die Een wat hierdie woorde se waarheid in die harte van mense moet inbrand. Daarom volg die dringende uitnodiging in Open 20:17 aan letterlik alle mense deur die Gees en die bruid (vgl. Jes. 55:1) om te kom deel in sy ewige redding. Na 'n ernstige waarskuwing om hierdie profetiese woorde nie te verag of af te water nie, omdat dit ewige implikasies inhou vir mense wat so dwaas sou wees (vers 18-20), volg 'n laaste seën as Christus vir die derde keer in hierdie gedeelte uitroep:

“Ja, Ek kom gou!” Open 22:20

Wat in Openbaring staan, is die ware en betroubare getuie van Jesus Christus. (vgl. 22:6) Die inhoud van die boek handel oor **die voleinding van die wêreld met die wederkoms van Christus**. Dit is so dringend. God stel nie Jesus Christus se wederkoms uit nie. Maar ons moet onthou dat 'n dag is soos duisend jaar en duisend jaar is soos een dag vir God. Jesus Christus se wederkoms is verseker. Maar daar is tyd om gereed te maak. Daar is tyd om tot bekering te kom. Maar die tyd is vinnig besig om uit loop. Die Wederkoms is naby. Dit kom soos 'n dief in die nag. Ons weet nie wanneer nie. Daar is 'n tyd om te vra:

IS EK REG VIR DIE WEDERKOMS?

Op daardie woorde van Jesus antwoord Johannes, en met hom die gelowiges saam: **Amen! Kom Here Jesus!**

Roep ons ook uit ...

Maranata! Kom Here Jesus kom!

Asseblief, kom tog gou met die wolke!

Ds. Gerrit

ALGEMENE INLIGTING EREDIENSTYIE

Afrikaanse Oggenddiens: 08:00 en 09:30
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Kantoorure: **Ma-Vry** 09:00 - 14:00

Telefoon: 012 664 2614

Epos: kerkkantoor@gkcenturion.co.za

Basdenlaan 226

Lyttelton
0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595

Ds Lourens Venter: 082 529 2330



NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763.

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za.

VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad [gkcenturion.co.za](http://www.gkcenturion.co.za) of ons internetskakel [stroom.gkcenturion.co.za](http://www.stroom.gkcenturion.co.za)

EREDIENSTE OP INTERNET: <http://kerkdienstgemist.nl/assets/516> (direk of opname).

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**.

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

EREDIENSTE OP CD audio-opname van 'n erediens: Johann Verreyne 082 554 9416

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:

Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr

Eljada Huis

Baie dankie vir al die items wat ons ontvang het. Ek dra elke gesin se dankbaarheid oor aan almal wat hulle harte so oopgemaak het. Ons versorg huidiglik 40 gesinne - 121 lede en dit wissel nog steeds van week tot week.

Kospakkies oor die feestyd: Og items kan geskenk word. Eljada Huis sal dan self vir die gesinne pak. Elke bietjie maak baie en stel hulle in staat om groot verligting te bring onder behoefte-ge gesinne:

Margarien, konfyt, grondboontjebotter, suiker, mabella, hawermout, mieliemeel, macaroni, spaghetti, mielierys, stampmielies, rys, koekmeel, suurdeeg, kookolie, gebakte bone, soja, vis in tamatiesous, bruinlensies, soppoeier, waspoeier, toilet papier, tandepasta, badseep, skeermesse, sjampoe, asblik sakke, jellie, vla, koekies, lekkers, aanmaakkoeldrank. Volledige nuusbrieff van Eljada is op die kennisgewingbord.

Volledige nuusbrieff is op die kennisgewingbord.

Hennie vd Vyver 078 442 40421

Rooihuiskraal Geloftefees 2020

'n Geloftefees vind hierdie jaar weer plaas by die Rooihuiskraal geskiedkundige terrein (Rooihuiskraalweg) in die Groot Stal op **Woensdag, 16 Desember om 9:00**.

Bring asseblief kampstoele en sonsambre saam om buite te sit as daar te veel mense is vir die saaltjie (Covid beperkings); koelte onder die afdak/boom is beperk.

Kom bietjie vroeër want temperatuurmetings word by die hek gedoen; die dra van maskers is noodsaaklik.

Ds. Gideon du Toit van NG Kerk Lyttelton-Noord lei die Geloftediens uit Psalm 3 en die feesrede word gelewer deur Zieg van Huyssteen van die FAK.

Vrugtesap en koekies sal na die verrigtinge beskikbaar wees.

Kontakpersone: Paul Retief (082 562 9845)
Charl van den Bergh (072 698 7956)

Katkisasie-onderwysers benodig vir 2021

Die Katkisasiekommissie is besig met die beplanning vir die aanbidding van katkisasie in 2021 en benodig nog 'n paar onderwysers, veral aflos-onderwysers vir wanneer een van die huidige onderwysers nie beskikbaar is nie.

Stuur asseblief net 'n kort boodskap of skakel Pieter van der Dussen by 082 416 7188 indien jy graag wil betrokke raak by hierdie baie belangrike deel van ons gemeente se werk.

Registrasie is oop vir studies by die Mukhanyo Teologiese Kollege vir 2021

Die Centurion Afstandsentrum bied studies in:

- "Higher Certificate in Bible Teaching (NQF level 5, 120 credits, SAQA: 115959)
- "Higher Certificate in Church Ministry (NQF level 5, 120 credits, SAQA: 115961)"

Vir meer inligting besoek

<https://www.mukhanyo.ac.za/programmes.html>.

Kontak

Gerda Guldmond gscholtemeijer@gmail.com

Lektor Solomon Makwakwa
makwakwasf@gmail.com

Almanak 2021

Is by die kerkkantoor beskikbaar @ R90. **Betaal asb die bedrag in die kerk se rekening** en kom ruil u bewys van betaling, by die kerkkantoor, vir 'n boek.

Kerk se bankbesonderhede:

Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409
Verw: **Boek + Jou Naam**

Bring hulde aan die Koning

Program

(6 Desember 2020)

Samesang: Lied 339:1 en 2

Sangsolo: Panis Angelicus

Salome Geertsema

Voordrag: Ps 26:5. Vol blydskap is my siel wanneer ek voor U kniel wat woon waar aardse lig verdwyn.
Hoe lief het ek U woning, die plek, o Hemelkoning, waar U in heerlijkheid verskyn.

Samesang: Lied 365: Almal vers 1

Solo vers 2

Almal vers 3

Voordrag: Ps 29: vers 1. Prys die Here hemelinge, Hy verskyn in al Sy mag.

Prys die Heer van alle dinge, buig jul neer voor Sy gesag.

Samesang: Sb 1-1 vers 1 en 3

Voordrag: Ps 93 vers 1 en 2.

Die HERE regeer; Hy is met majesteit bekleed

U troon staan vas van vroeg af; U is van ewigheid af.

Samesang: Ps 45 vers 9 en 16

Voordrag: Ps 145 vers 1. U Naam, o Heer, so hoog in heerlijkheid, wil ek verhef vir ewig en altyd;
U konings-eer wat alle krone oorstraal, wil ek verhoog in onvermoeide taal.

Voordrag: Ps 96 vers 1 en 2. Sing vir die Here n nuwe lied! Sing vir die Here, o ganse aarde!
Sing vir die Here, prys Sy naam, verkondig sy verlossing van dag tot dag.

Samesang: Lied 345 vers 1,2,3.

Voordrag: Ps 32:6. Regverdiges, laat hoor die blye tyding!
Sing voor die Heer n lofsang van bevryding!
'n Sang wat juig oor skuldvergifenis.
Sing wie opreg van hart en wandel is!

Sangitem: Met middernag

Ina Wiegand en Annemarie van Wyk

Samesang: Lied 348: 1,2,3.

Lied 353 vers 1,2,3.

Voordrag: Sb 4-4.

Samesang : Lied 353 vers 1,2,3

Lied 370 vers 1,2,3.

Lied 364 vers 1,3

Voordrag: Velde van Bethlehem.

Sangsolo: Elke knie sal buig

Elissa Lessing

Samesang: Sb 1-6 vers 1/Lied 370 verse 4 en 5.

Lied 220: 2 en 3.

Sb 4-6

Ons gee om vir Mekaar

"Moenie bang wees nie, ..." Jes 43:1

- Gert Boshoff sterk tuis aan na 'n operasie (B14—654 1860).
- Karin Verreyne het 'n oogoperasie ondergaan (C11—663 3727).
- Voorbidding word gevra vir Charmain Coetzee se dogter Annalie (C13—011 238 7865).
- Meelewing word betuig met Morné Sevenster (jnr), familie en vriende na die afsterwe en begrafnis van sy vader Morné gedurende die week.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Kersdag

Die erediens op Kersdag begin om **08:00**

Predikante aan diens tydens skoolvakansie

Ds Maarten van Helden

Ds Gerrit Kruger is terug van verlof vanaf 18 Jan en

Ds Lourens Venter vanaf 10 Jan

Skakel gerus indien u probleme/siekte/hospitalisasie besoeke wil ontvang

Kerkkantoor is gesluit vanaf 14 Des en open weer **18 Januarie 2020**

Alethea Ministry

Like us on facebook: <https://www.facebook.com/aletheaministry/>

Broadcast every Sunday at 11:00

KOLLEKTES

Gebruik asb die Zapper vir die volgende kollektes:

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas



Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

U kan u kollektes in die kerk/diakonie se rekening inbetaal indien u nie van die Zapper gebruik maak nie
Neem asb kennis: alle banke miv 1 Januarie 2021 nie meer tjeks as 'n betaalmetode aanvaar.

Sukkel jy om maandeliks jou skuld en lopende uitgawes te betaal? Voorkom regsaksies en neem nou beheer oor jou finansies. Vir 'n GRATIS konsultasie kontak Petra Swanepoel Streamline Debt Counselling vir persoonlike hulp. GEEN "call centres". Jou privaatheid is vir ons belangrik. Tel 0829277324 of petra@streamlinedebt.co.za.

Instandhouding—Verfwerk; teëlwerk; badkamers; staalwerk; sekuriteitshekke en diefwering; playeisel; hout- of lamineervloere; dak-watarseëling; palissades; bouwerk; tuindienste, ens. Hennie vd Walt 0829274326/hj2vdwalt@gmail.com.

Pastorale berading, Esther du Plessis 0718682257.

Finansiële Bepanning. Ek spesialiseer in Risikodekking, beskerming van u huidige rykdom (wealth protection); Aftreebepanning en studievoorsiening. Tjaart vd Walt (CFP™) 082 824 2933.

Familie Mediasie - Esther du Plessis 0718682257.

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid. (664-0685) centurionflorist@discoverymail.co.za.

Vir enige **Sekwestrasie of Skuldberading** navrae kontak Rietha Maritz by 072 118 3258. Gratis konsultasie. NCRDC444.

Ruim Tuinwoonstel te huur - Eldoraigne, R6000pm (wl & Wifi ingesluit). 1 of 2Sk; bk; sitkamer; kombuis – oopplan. Onderdak parkering; buitebraai; alarm. Geen kinders of troeteldiere. Phia Lombard 083 454 9358.

Is u lus vir 'n lekker Kers Aand uit? Stephan van der Walt bied aan: **ALL WRAPPED UP!** 'n Kers Revue gepaard met 'n driegang maaltyd, in samewerking met OppiStoep Gastehuis en Tuishuis Lodge. Vir besonderhede en besprekings, gaan asb na www.thesuitedcaseclub.co.za/allwrappedup.html

Die Skep-Hoop-Fonds

Ons bedank elke lidmaat wat 'n bydrae gemaak het tot die fonds. Ons is bewus van die groot nood waarin baie mense hulle nou bevind. U word aangemoedig om steeds by te dra. Bydraes kan direk in die Diakonie se rekening of via Zapper oorbetal word. Verwysing: Skep Hoop.

Ons doen beroep op alle lidmate om hulle diaken, ouderling of predikant te skakel indien daar enige nood is weens die Covid-19 pandemie.

U kan gerus ook die volgende diakens hieronder skakel of epos na skephoop@gkcenturion.co.za as u hulp nodig het, stuur (alles word vertroulik en slegs deur die dagbestuur van die Diakonie behandel).

Marius Gerber: 082 327 2949
Rudy Kruger: 082 468 6035
Petra Swanepoel: 0829277324
Theuns Louw: 082 815 4272
Drikus vd Walt: 060 569 2608



BYBELS BESKIKBAAR BY DIE KERKKANTOOR

U moet asb die **korrekte bedrag in die kerk se rekening inbetaal** en die bewys van betaling kom inruil vir u Bybel. Bevestig asb vooraf met kantoor dat die Bybels wel beskikbaar is.

Kerkkantoor sal oop wees vir die afhaal van die Bybels Ma-Do tussen 09:00 en 14:00 en Sondag tussen die twee oggend-eredienste.

Afrikaanse 2020 Bybelvertaling, slegs hardeband R135
Ander amptelike tale R110 (hardeband) R60 (sagteband).

Bybels in Frans (DRK), Chichewa (Malawi), Shona (Zimbabwe) en Portugees (Mosambiek) is op aanvraag beskikbaar (pryse verskil van bg).

Kerk se bankbesonderhede: Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409
Verw: **Biblos + Jou Naam**



VERJAARSDAE

“...U sorg vir my.” Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

6 Des	Celliers	De Souza	A08	27829626275
	Kara	Smith	B10	27828563704
	Christelle	v Aswegen	A04	27605250089
7 Des	André	Beumer	A09	27827779112
	Natasha	Engelbrecht	A14	27726981649
	Petru	Swanepoel	C13	27828004131
8 Des	Heleen	Daniels	E01	27711352420
	Melinda	Engelbrecht	A10	27828362022
	Lorraine	Gouws	B12	27824506202
	Etienne	Grobler	C07	27721029845
	Charlaine	Kruger	C06	27649039993
	Willemien	Riekert	A13	27834417783
9 Des	Marie	vd Walt	C03	27828771971
	Don	Algera	B06	27798958316
	Peter	Reesink	B03	27619957710
	Doedo	Stavast	B16	27823792797
	Melicia	van Rooy	A01	27828264850
10 Des	Jaco	Wattel	B17	27828541430
10 Des	Andries	Bester	B11	27726262577
11 Des	Liesel	Badenhorst	A02	27829224034
	Sonja	Styger	B01	27832260285
	Dihan	v Niekerk	C06	6671784
	Phillip	Weyer	A11	27795248315

DOOPLIDMATE

6 Des	Andries	Gildenhuis	C13	27829215614
7 Des	Aliska	Nöthling	A11	27761457124
9 Des	Janke	Cronje	C05	27763079223
11 Des	Marlie	Etsebeth	B13	27832583314
	Leon-Andre	Lourens	A10	27827902244
12 Des	Anneke	Harmse	B01	27824621839

Erediensbywoning

Die ondergenoemde wyke word hartlik uitgenooi om die eredienste by te woon, op tye soos aangedui.

Om aan die nodige wetgewing te voldoen word lidmate versoek om by die aangeduide wyke en tye, te hou. Oggenddienste is om 08:00 en 09:30. Engelse diens om 11:00 en aanddienste is om 18:00.

Ongelukkig is die pandemie nog in ons midde en lidmate wat eredienste bywoon, word versoek om asb mekaar se veiligheid te respekteer en die nodige afstand en protokol te handhaaf.

6 Desember	
08:00	09:30
A09 tot A16	A01 tot A08
B11 tot B19	B01 tot B10
C09 tot C15	C01 tot C08
13 Desember	
08:00	09:30
A01 tot A08	A09 tot A16
B01 tot B10	B11 tot B19
C01 tot C08	C09 tot C15

Oggend-eredienste gedurende die skoolvakansie

Vanaf **20 Des tot 10 Jan** sal daar slegs **een** oggend-erediens om **09:00** wees.

Ons hervat weer die twee oggend-eredienste vanaf 17 Januarie 2021.

17 Januarie 2021	
08:00	09:30
A09 tot A16	A01 tot A08
B11 tot B19	B01 tot B10
C09 tot C15	C01 tot C08

3. Ons het die verdeling tussen eie gebruik en die gebruik van krag deur die mobiele telefoon-maatskappye, wat ons eiendom gebruik, oorskot.
4. Die Finansiële kommissie het aanvanklik voorgestel dat die Evangelisasie kommissie se begroting met R261 000 gesny word. Na gesprekvoering is daar besluit om die inkorting te beperk tot R101 000 omdat ons moeilik onder die ander R160 000 kan uitkom. Omdat ons nie vir 'n groter tekort wil begroot as waarvoor ons fondse het nie, is besluit om hierdie bedrag terug te hou teen ramings. Effektief het ons dus 'n lening by die Admin Buro van R160 000. Dis belangrik om te noem dat die ramings wat ons betaal uit twee komponente bestaan. Ons sal die lening aangaan teen die EVT gedeelte van die ramings. Dit verteenwoordig die pensioene wat betaalbaar is aan predikante of hul weduwees vir diens gelewer voor 1994. Die EVT het beleggings, dus reserwes, om hierdie pensioene te betaal. Ons sal rente betaal op hierdie lening. Die impak van hierdie reëling is dus in wese nul uit 'n EVT oogpunt.
5. Hierdie is by verre die grootste impak. Opgesom begroot ons dat die traktemente van die predikante en salarisse van personeel nie verhoog word nie. Verder word ook begroot dat ons in November van 2021 geen 13de tjeek betaal nie. Laasgenoemde sal nader aan die tyd in heroorweging geneem kan word indien die finansiële posisie dit toelaat. Benewens die besluit oor die dankoffers, was hierdie die moeilikste. Die feite is egter dat ons ongelukkig nie die fondse het om iets anders te doen nie. Vergoedingspakkette is by verre ons grootste uitgawe, noodwendig is die verwagting dan ook dat hier gesny moet word. Ons het na verskeie ander opsies van besparing gekyk, bv 'n 10% vermindering in salaris in plaas van die skrap van die 13de tjeek, vervroegde emeritering van 'n predikant en nog andere. Die huidige besluit was eenvoudig die mees toepaslikste van al die slegte opsies.
6. Boeke en die Almanak sal steeds aangekoop word omdat dit weer verkoop word en dus 'n nul impak het. Geen voorsiening is gemaak vir 'n nuwe gemeentegids en of die jaarlikse kalender nie.
7. Ons het slegs R2 000 begroot vir sekuriteit. Dit is die koste wat ons moet aangaan om kontant gebank te kry. Weens die sterk afname van kontant word hierdie nie as 'n probleem gesien nie.
8. Ons begroot niks vir besoekende predikante, gemeentefunksies of kursusse/seminare vir die predikante nie.
9. Geen begroting vir katkisasie- of jeug aktiwiteite nie. Wel ag ons hierdie belangrike elemente hoog, maar stel voor dat daar met kreatiewe denke self fondse gegeneer word.
10. Ons uitgangspunt was dat die sisteem op 'n goeie standaard is en maak derhalwe slegs voorsiening vir instandhoudingsuitgawes.
11. Die Kerkraad het die helfte van die kostes van die blomme gedra. Die verskaffer het die ander helfte gedra. Ons het nie meer die fondse om dit te dra nie.
12. Onder uitdeling maak ons onder andere 'n bydrae tot die studiekoste van twee teologie studente uit ons gemeente. Hierdie ondersteuning sal vir volgende jaar gehalveer word.
13. Hierdie tekort kan gedra word uit fondse wat ons tans het. Dis belangrik om nou reeds te noem dat ons geen verdere fondse het nie. Indien ons vir 2022 'n soortgelyke begroting opstel, dus met al die negatiewe elemente, beteken dit dat ons weer vir 'n tekort van ongeveer R500 000 gaan begroot. Hierdie fondse sal in die nuwe jaar gevind moet word. Gegewe dit, moet ons noem dat die druk op die begroting vir 2022 nog groter sal wees indien daar nie besparings (verhoogde inkomste of laer uitgawes, of beide) in 2021 gegeneer kan word of winste uit verkope by Monumentsig aftree-oord realiseer nie.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die begroting vir 2021 ernstige uitdagings vir die Kerkraad inhou. Ons hoop en vertrou dat ons met hierdie verslag 'n ernstige beroep op u kan doen om die afdra van u tiende aan die Koninkryk van God weer ernstig in oorweging sal neem.

Sou u enige voorstelle wil maak, of nog inligting benodig is u welkom om dit met my op te neem hetsy telefonies of per e-pos by 082 572 5235 of geritt@uniplug.co.za.

GERRIT BEUMER—FINANSIËLE KOMMISSIE

GEREFORMEERDE KERK CENTURION - BEGROTING 2021			
	2020	2021	
	Begroot	Begroot	NOTAS
INKOMSTE	R6 190 000	R5 444 000	
Bydraes - Kerklik	R5 570 000	R4 936 000	1
Vodacom, Cell C, Telkom, Rain en MTN	R300 000	R365 000	
Ander	R320 000	R143 000	2
UITGAWES	R6 689 950	R5 909 190	
Finansiële Kommissie	R5 636 750	R5 197 090	
Munisipale uitgawes	R158 400	R100 000	3
Ramings Admin Buro	R1 102 500	R961 000	4
Ramings Part. Sinode	R30 800	R27 000	
Telefoon Predikante	R108 000	R108 000	
Versekering	R138 700	R147 000	
Vergoedings Pakette	R4 054 250	R3 812 590	5
Ander	R44 100	R41 500	
Evangelisasie	R497 600	R396 600	4
Administrasie	R141 000	R106 000	
Boeke, Almanak, Gemeente publikasies.	R25 000	R0	6
Kantooruitgawes	R22 000	R20 000	
Sekuriteit	R10 000	R2 000	7
Telefoonkoste - Kerk	R22 000	R22 000	
Uitsending - Internet	R62 000	R62 000	
Bedienings Kommissie	R13 000	R0	8
Besoekende Predikante	R3 000	R0	
Funksies - Gemeente	R5 000	R0	
Kursusse + Beroepsverwante uitgawes	R5 000	R0	
Katkisasie Kommissie	R50 000	R20 000	
Katkisasie Boeke	R20 000	R20 000	
Aktiwiteite	R30 000	R0	9
Ander Kommissies	R351 600	R189 500	
Jeug - GTA, ens.	R25 000	R0	9
Elektroniese bediening	R28 600	R10 000	10
Eiendoms en Instandhouding	R150 000	R117 000	
Monumentsig	R20 000	R20 000	
Susters en Kombuis	R43 000	R10 000	11
Uitdelings	R85 000	R32 500	12
SURPLUS / TEKORT	-R499 950	-R465 190	13

NOTAS BY DIE FINANSIËLE TERUGVOER AAN DIE GEMEENTE RAKENDE DIE 2021 BEGROTING

1. Omdat die bepaling van hierdie syfer die belangrikste is van die begroting, en daar 'n groot onbekende is mbt Covid-19, het ons die aktuariële profesie genader om ons te help om meer sinvol oor hierdie aangeleentheid te besin. Daar is besluit om die aanbeveling van 'n verlaging van 10% van die verwagte bedrag, wat in 2020 as dankoffers ontvang is, as waarde vir 2021 te gebruik. Omdat ons nie reserwes het nie kan ons nie bekostig om die effek van afliggings en salarisvermindering in bv 'n tweede golf van Covid besmettings, te onderskat nie.
2. Twee elemente is hier belangrik. Deurkollekte het geweldig afgeneem en renteinkomste het wesenlik verminder weens die koerse maar ook die verminderde kapitaal.